31 AUGUSTUS TOT 3 SEPTEMBER 2023

KOSMARK – AANSOEKVORM

1. Laai die aansoekvorm van die Yonder Hartsfees webwerf **yonderhartsfees.co.za** af, of stuur ‘n e-pos aan mail.yonder@gmail.com en versoek ‘n vorm, of skakel 053 110 0260 vir hulp, of kom haal ‘n vorm by ons kantoor (Yonder, Kenilworth Landgoed, Industria, Kimberley).

2. Druk die vorm uit en **LEES** die hele vorm aandagtig deur. Parafeer op elke bladsy dat u die reëls en regulasies verstaan.

3. Voltooi die **HELE** vorm sorgvuldig. **Maak asseblief seker dat u e-posadres en kontakbesonderhede duidelik is.** Moenie gapings laat nie.

4. Betaal die **VOLLEDIGE** bedrag verbonde aan u spasie met die indiening van die aansoek by:

YONDER HARTSFEES NPC
ABSA BANK
REKENING NR: 4100 619 294
TAKKODE: 632 005

5. Stuur **BEWYS VAN BETALING** na mail.yonder@gmail.com
Heg **BEWYS VAN BETALING** aan die vorm.

6. Heg **FOTO’S** van u produkte en stalletjie, sowel as ‘n afskrif van die stalletjiehouer en stalletjiehulp se ID-dokument, of paspoort, aan die vorm.

7. Stuur u voltooide vorm na mail.yonder@gmail.com, of lewer af by Yonder, Kenilworth Landgoed, Industria, Kimberley.
GEEN FAKSE SAL AANVAAR WORD NIE!

8. Indien u geen terugvoer ontvang nie, skakel 053 110 0260 om te bevestig dat u aansoek wel ontvang is. Geen onvolledige aansoeke sal aanvaar word nie.

Die Kosmark aansoeke open **28 Februarie 2023** en sluit Dinsdag, **3 Mei 2023.** Keuring uitslae word op **13 Mei 2023** per e-pos uitgestuur**.** Laat aansoeke na **24 Junie 2023** sal teen ‘n 10% heffing hanteer word. **Geen telefoniese uitslag sal bekend gemaak word nie!**

STALLETJIEHOUER-BESONDERHEDE:

Eienaar van besigheid naam:	
Stalletjiehouer naam:	
Naam van stalletjie:	
Selfoonnommer:	
Landlyn:	
Alternatiewe kontaknommer	
E-pos adres:	
Pos adres:	
Gestremdheid:	

BANKBESONDERHEDE:

Banknaam:	
Rekeninghouer naam:	
Rekeningtipe:	
Rekeningnommer:	
Takkode:	

KOSMARK STALLETJIE BESONDERHEDE (BUITE AREA):

TIPE SPASIE	GROOTTE Lengte / breedte	PRYS	HOEVEEL BESKIKBAAR	HOEVEEL-HEID	TOTALE BEDRAG
Gazebo buite	3m x 4m	R1 518,00	5		
Mobiele Kiosk/tent	5m x 4m	R2 530,00	3		
Karavaan/mobiele Kiosk	7m x 5m	R3 823.75	5		
Buite karavaan/tent in pretpark	5m x 5m	R4 427.50	4		
Addisionele 15 amp kragpunte	15 amp kragpunt	R500.00	Beperkte hoeveelheid		
Koeldrank/ water/sap	NVT	R650.00	NVT		

Beskrywing: Bogenoemde stalletjies, met uitsondering van die Pretpark, is agter die Oostelike stalletjie afdakke en kyk in die rigting van die uitstallers tente.

- Gazebo buite — Een kragpunt (1 x 15amp) ingesluit
- Mobiele Kiosk/tent — Een kragpunt (1 x 15amp) ingesluit
- Karavaan /mobiele kiosk — Een kragpunt (1 x 15amp) ingesluit
- Buite karavaan/tent in pretpark — Een kragpunt (1 x 15amp) ingesluit

KOSMARK KOSHOF SIRKEL PRIMA:

TIPE SPASIE	GROOTTE Lengte / breedte	PRYS	HOEVEEL BESKIKBAAR	HOEVEEL-HEID	TOTALE BEDRAG
Afdak stalletjie - koshof	3m x 4m	R2 070,00	12		
Afdak stalletjie - koshof	4,5m x 4m	R3105,00	2		
Sluitbare Kiosk met water, kragpunt, ligte & verkoopluik - koshof	6m x 4m	R5 520,00	2		
5mx4m buite stalletjie - koshof	5m x 4m	R2 760,00	5		
7mx5m buite stalletjie - koshof	7m x 5m	R4025,00	1		
Koeldrank/ water/ sap	NVT	R650.00	NVT		
Addisionele 15 amp kragpunte	15 amp kragpunt	R500.00	Beperkte hoeveelheid		

Beskrywing: Bogenoemde stalletjies vorm deel van 'n koshof (Food Court) rondom die nie betaal verhoog met sitplekke en tafeltjies met bankies voor die verhoog.

- Afdak spasie3m x 4m / 4,5m x 4m — Beligting en een kragpunt (1 x 15amp) ingesluit
- Kiosk met water & krag 6m x 4m — Sluitbare Kiosk met water, kragpunt en beligting
- Buite stalletjie 5mx4m / 7mx5m — Een kragpunt (1 x 15amp) ingesluit

Neem kennis. **LET DAAROP DAT U SLEGS 1X15 AMP KRAGPUNT KRY**. Indien u meer krag benodig, kan u addisionele 15 amp kragpunte aanvra teen 'n koste van R500.00 per kragpunt. **Daar is nie 3 fase krag beskikbaar nie.** Indien u enige navrae oor krag het, kan u die kantoor skakel en ons sal dit individueel hanteer.

Die uitleg van die kosstalletjies het verander. Die feeskomitee sal hulle beste doen om redelike versoeke te akkommodeer, maar daar is **geen WAARBORG NIE!**

PRODUKTE WAT VERKOOP WORD. Beskryf die produk/produkte in jou eie woorde

Foto's. Heg asseblief foto's van die produk/produkte aan.

Produkte. Voorkeur word gegee aan **OORSPRONKLIKE** en **SELFVERVAARDIGDE PRODUKTE**. Produkte word gekeur en slegs produkte binne die kriteria van die Hartsfees sal aanvaar word. Indien u produkte aanbied sonder dat dit goedgekeur is, sal dit gekonfiskeer word.

Keuring. Indien u aansoek afgekeur word, sal u fondse binne 14 werksdae aan u terugbetaal word. **Die keuring deur die feeskomitee is FINAAL!**

REëLS EN REGULASIES

BETALINGS:

Aansoeke sonder ‘n bewys van betaling sal nie oorweeg word nie. **Geen tjeks** word aanvaar nie. **GEEN DEPOSITO’S** sal aanvaar word nie. Slegs die volle bedrag!

SAKE-URE:

Die kosmark is daagliks, vanaf **09:00 – 22:00** oop vir sake. Uitstallers met die nodige voertuig-permitte, en wat klaar geregistreer is, sal **Woensdag, 30 Augustus 2023,** van **09:00** tot **17:00** op die terrein toegelaat word om hulle stalletjie voor te berei. Gedurende die fees open die hekke vir stalletjiehouers om **07:30 in die oggende en alle voertuie moet om 08:30 uit die feesterrein verwyder wees**. Let daarop dat geen stalletjiehouer op die terrein toegelaat sal word indien hulle nie geregistreer en in besit van die relevante toegangspermitte is nie. In die aand sal voertuie toegang hê vanaf **21:00 – 22:00**. Alle uitstallers moet tot **Sondag, 3 September 2023 om 13h00,** handeldryf.. Geen voertuie sal die Sondag voor **13h00** toegang verkry nie.

TOEGANGSPERMITTE:

U ontvang **2 STALLETJIE-EIENAARTOEGANGSPERMITTE**. Dit verleen toegang aan 2 persone per dag. Indien u bykomende permitte benodig, kan stalletjie hulp permitte R200-00 per persoon vir die vier dae gekoop word. Maksimum van 4 word toegelaat.

KOELDRANK-, SAP- & WATERVERKOPE:

Weens borgskap ooreenkomste kan ‘n beperkte aantal stalletjies gekeur word vir die verkope van koeldrank, sappe en water. Die reg om koeldrank, sap en water te verkoop, word verkry deur ‘n addisionele bedrag aan die fees te betaal.

ALKOHOL & SIGARETTE:

GEEN verkope van tabak, tabak- of alkohol produkte sal in die stalletjies toegelaat word nie.

HIGIËNE:

Higiëne is van uiterste belang! U moet toesien dat alle higiëne maatreëls, soos bepaal deur die Sol Plaatje Munisipale regulasies (bekombaar by **Omgewingsgesondheidsdienste**: 053 830 6409) te alle tye nagekom word. Indien u stalletjie nie voldoen aan die higiëne maatreëls nie, moet u stalletjie onmiddellik, sonder terugbetaling, verwyder word.

GASVEILIGHEID, BRANDBLUSSERS & BRAAI-AREAS:

Stalletjiehouers moet verkieslik van gas of houtskool gebruik maak. ‘n **Maksimum van 18 kg vloeibare petroleumgas** word per stalletjie toegelaat. U moet asseblief te alle tye ‘n **4.5 kg droë chemiese poeier brandblusser**, wat in ‘n goeie werkende toestand is en wat in die afgelope 12 maande gediens is, by u stalletjie beskikbaar hê. Alle braai-areas moet met ‘n heining afgeskort wees. Maksimum dromgroottes vir oop vure mag nie 100 liter oorskry nie.

KRAGPUNTE:

Elke stalletjie kry **EEN 15 AMP-KRAGPUNT** en **slegs een elektriese apparaat per kragpunt** word toegelaat. Daar kan vir ‘n addisionele kragpunt aansoek gedoen word teen ‘n addisionele koste onderhewig aan beskikbaarheid. Stalletjiehouers moet hul **eie verlengkoorde** voorsien. Alle verlengkoorde moet 100% diensbaar wees en mag nie enige veiligheidsrisiko bied nie. Daar is **GEEN 3-FASEKRAG** beskikbaar nie. Stalletjiehouers wat oortree deur krag te steel, sal sonder enige terugbetaling, van die terrein verwyder word. Diegene wat elektriese onderbrekings veroorsaak, sal vir die skade aanspreeklik gehou word.

AKKOMMODASIE:

Stalletjiehouers is daarvoor verantwoordelik om hul eie akkommodasie vooraf te reël. **GEEN STALLETJIEHOUERS WORD TOEGELAAT OM OP DIE FEESTERREIN TE SLAAP NIE**. Oortreders en hulle stalletjies sal verwyder word sonder terugbetaling. In die Yonder kampterrein, by die feesterrein, is 'n beperkte aantal 5m x 7m kampeerplekke beskikbaar wat teen 'n bedrag van R75,00 per persoon per dag gehuur kan word. 'n Waterpunt en 'n kragpunt, van waar water gekry en krag getrek kan word, is op die kampterrein beskikbaar. **Basiese** stort- en toiletgeriewe is naby die kampeerterrein beskikbaar. Kampeerplekke kan gedurende kantoorure by Aletha Schoeman by Yonder, 053 841 0532, bespreek word.

KANSELLASIES:

Indien u na **8 Julie 2023** kanselleer, sal daar 'n 10% + BTW van u stalletjie inskrywing geld as kansellasiefooi teruggehou word. Indien u egter na **28 Julie 2023** sou kanselleer, verbeur u u stalletjie inskrywing geld. **GEEN TERUGBETALINGS SAL DAN GEDOEN WORD NIE**. Kansellasies moet skriftelik aan die bestuurder van markte gerig word. E-pos mail.yonder@gmail.com

SEKURITEIT:

Die feesbestuur doen alles moontlik om te verseker dat die feesterrein gedurende die tydperk van die fees veilig is, maar aanvaar geen verantwoordelikheid vir verliese nie. Likru Sekuriteit (053 832 1675) is die alleen-sekuriteitdiensverskaffer van die fees en is op eie koste vir individuele of groep-sekuriteitsdienste beskikbaar.

STALLETJIESTRUKTURE:

Die struktuur van die stalletjie se konstruksie moet veilig, stewig en windbestand wees.

VOORWAARDES & VRYWARING:

- Die fees kan nie aanspreeklik gehou word vir enige **verliese, skade** of **beserings** gely gedurende die fees nie.
- **Geen onderverhuring** word toegelaat nie.
- Geen stalletjiehouers mag op die terrein **oornag** nie behalwe in die amptelike Yonder kampeerterrein.
- Reg van toegang word voorbehou. Die feesbestuur behou die reg voor om stalletjiehouers te **skors** indien hulle nie die reëls nakom nie of hulself aan wangedrag skuldig maak.
- Die feesbestuur aanvaar geen verantwoordelikheid vir die handhawing van **konsessieregte** tussen uitstallers nie. **Geen kompeterende logo's**, met betrekking tot die fees se amptelike borge, asook geen **vals handelsmerke** sal toegelaat word nie.
- **Bemarkingsmateriaal** (sambrele, pamflette, baniere) met ongemagtigde logo's of ongemagtigde verkope sal gekonfiskeer word.
- U moet u stalletjie vir die **volle duur van die fees** bedryf – geen uitsondering nie.
- Toegang vir voertuie is nie oral moontlik nie. Neem asseblief kennis hiervan indien u produkte swaar is. U moet in besit van 'n voertuig toegangpermit wees om toegang tot die feesterrein te verkry en mag slegs die ingang, soos aangedui op die permit, gebruik.
- Stalletjiehouers is **self verantwoordelik vir die oprig van stalletjies**. Die fees voorsien slegs die spasie.
- Diegene wat die **toegekende spasie oorskry, sal beboet word**.
- Klagtes en knelpunte kan direk met die **bestuurder van markte** opgeneem word.
- Geen troeteldiere, alkohol of tabakprodukte word by stalletjies toegelaat nie.
- **SLEGS VOLLEDIGE AANSOEKE MET FOTO'S, BEWYS VAN BETALING EN ID-DOKUMENTE SAL OORWEEG WORD. AANSOEKE WORD HANTEER SOOS DIT ONTVANG WORD.**
- **SLEGS PRODUKTE OP DIE AANVAARDINGSBRIEF GOEDGEKEUR, SAL TOEGELAAT WORD**.

- Stalletjiehouers se voertuie mag slegs in die stalletjiehouer-parkeergebied geparkeer word. Die feesterrein is 'n geen-voertuig gebied. Geen voertuie mag tussen 08:45 en 21:00 binne die feesterrein geparkeer word nie.
- Verdere reëlings sal op u aanvaardingsbrief aan u deurgegee word indien u gekeur word.
- Vir algemene navrae, nie stalletjie verwant, kan u 053 110 0260 skakel.

KONTRAK

Ek, …….. . (volle name en van)

ID-nommer/Paspoortnommer ……. die eienaar vir die bogenoemde besigheid, aanvaar al die voorwaardes in hierdie dokument. Ek het myself deeglik vergewis van alle inligting soos in hierdie dokument vervat en onderneem om myself te alle tye daarby te hou.

Geteken op hierdie …… dag van …….. (maand) 2023

te ……. (dorp/stad).

…….. (Handtekening)